Nuusbrief - Noordelike Sinode

# verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Noordelike Sinode se facebook** (http://www.facebook.com/noordsin) en **twitter** (http://www.twitter.com/noordsin)
- **Verskil-argief**
- **Geloofsvorming webblad:** www.noordsingeloof.co.za
- **Lig** & **Kerkbode**
- **Stabilis**: www.stabilis.org.za
- **Badseloop kampterrein**: *nuwe webwerf:* http://www.badseloopjeugkamp.co.za/
- **Emmarentia Geldenhuys Sendingsentrum**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
- **Kerkgeboue in SA:** https://www.facebook.com/Kerkgeboue







**15 Mei 2015**
**Nr 15/2015**

## Godsdienssaak: Skole dien hofstukke in

**Gustav Claassen** skryf soos volg: *"Dit is 'n formidabele stuk werk (1 945 bladsye) maar tot dusver vir my een van die grootste, dalk dié grootste, leerervarings van my lewe". So reageer mnr Paul Colditz, uitvoerende hoof van die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole (FEDSAS), op die hofstukke wat gelewer is in die saak tussen OGOD (Organisasie vir Godsdienste-onderrig en Demokrasie) en ses skole. Die beheerliggame van die ses skole is lede van FEDSAS wat deel vorm van dié beheerliggame se regspan….* [Lees hier meer]

## Boekbekendstelling op 8 Junie 2015

**Aangebied deur die Departement Praktiese Teologie, Teologiese Fakulteit, Universiteit van Pretoria**

**Uitnodiging**: Over the past months some books by members of the Department of Practical Theology have been published. The authors will introduce these books as follows:

- Monday, the **8th of June** from 11:00-13:00
- Dutch Reformed Church South East Pretoria (Stella Street)

Refreshments will be serverd.
**RSVP** to anchen.november@up.ac.za before 1 June 2015

**Boeke:** *Identity-driven Churches - Malan Nel*; *Jong teoloë praat saam - Cas Wepener*; *Kookpunt! Nadenke oor woede - Cas Wepener en Geloof anderkant Sondag - Julian Müller.*

## Bybel-Media nuus

Hierdie week is daar opwindende nuus vanaf Bybel-Media (BM). Twee baie besondere publikasies is by die Wes-Kaap Sinode bekendgestel en die *wenner* van die BM-Cordis Trust-prys word aangekondig. [Lees hier meer…]

## Sinodale nuus

- **Bybel-lees met 'n verskil:** **LW: Gedurende die week van Pinkster (17-24 Mei 2015) gaan daar geen byeenkomste wees nie.**

- **Artikel 1 Proses : *Noordelike Sinode* –** [Lees hier verder...]

- Tydens die *Buitengewone Sinodesitting van 13 Februarie 2015* is daar reeds kennis gegee dat die volgende **Buitengewone Sinodesitting** op **19 Junie 2015** plaasvind. ** **Plek:** NG Doornpoort; ** **Tyd:** 09:00 tot 14:00. (Registrasie en koffie begin reeds 08:00) ** 'n Skrywe in dié verband is per epos gestuur aan alle leraars en gemeentekantore. Kontak asseblief vir Hermien indien dié epos julle nie bereik het nie.
- **Kom ons luister na mekaar:** **Johan van Zittert** se bydrae: *Oor die stemproses tot dusver* [Lees hier verder…]

## ❖ Help jongmense meer van Pinkster verstaan

**Ds Heinrich Carstens** (Overkruin) skryf: "Een van die jong dominees in ons Ring (Frans du Plessis van Kameeldrif) en 'n Gemeentejaarstudent (Marco la Grange van Overkruin) het die inisiatief geneem om 'n **kort video-reeks te maak om ons jongmense te help om iets meer van Pinkster te verstaan**. Ek glo saam met Frans en Marco dat hierdie klein bydrae ook 'n verskil kan maak in ons jongmense se lewens."

** **Sien asseblief die e-pos hieronder**…

"Ouens kan sommer op YouTube gaan soek vir die reeks… Hier is die skakel na die inleidende video. Meegaande PDF het ook skakels wat jou direk na elkeen van die video's sal neem. Die gedagte is dat ons dit vir ons jongklomp sal deurgee en dat hulle dan vanaf Sondag 17 Mei elke dag een van die kort video's kyk om hulle te help om iets meer te verstaan van Pinkster… of dan Geesfees 2015!"

---

## ❖ Graad 8 en 9 Survivorkamp: 29 Junie-3 Julie 2015

Die Ring van Pietpotgietersrus hou jaarliks 'n SURVIVORKAMP vir alle **Graad 8 en 9 leerlinge**,te BADSELOOP (± 13 km suid van Naboomspruit (Mookgopong). Dis 'n avontuur-ervaring, waar ons jongmense net deur dinge wat hul ervaar en doen, meer van hulself en hul talente leer.

* Skakel gerus die kampleier of admin dame vir enige verdere navrae.
* Kampleier: *Ds Wimpie Jordt [083 230 2244, e-pos* kudu@lantic.net]
***** Admin**:** *Me Anita Hurn* [tel 015 491 3537, e-pos admin@ngpottiessuid.org.za]
**>> Kliek hier vir die inskrywingsvorm en reklameplakkaat.**

# Kollega nuus

## ❖ Verjaarsdagwense - Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar:

17/05 Danie J van Rensburg [Jan Niemandpark, 083 289 1869, danievr@lantic.net]
Ronel Meylahn [Universiteitsoord, 082 857 5752, rmeylahn@lantic.net]
20/05 Willem Boshoff [Hartbeesspruit-Queenswood, 079 881 9682, willemboshoff@telkomsa.net]
Etienne van Staden [Dendron, 083 274 3227, emvanstaden@absamail.co.za]
SP Senekal [Emeritus, 082 692 1670]
21/05 Carel Grundlingh [Pietersburg Moeder, 083 455 9605, carelgrundlingh@gmail.com]
Chris Odendaal [Emeritus, 082 335 2181, odendaalc@gmail.com]
22/05 Stefan Botha [Andrew Murray, 082 873 2528, stefan@drcamp.co.za]
Schalk Naudé [Emeritus, 082 575 5277]
Zelda Massyn [Rustenburg-Moeder, 074 129 3458, zeldamassyn@thevohf.com]
23/05 Johan Erasmus [Emeritus, 072 340 4224, rasmusjc@telkomsa.net]

================================================================

17/05 Ansa Ungerer [Raslouw, 012-654 3121, dewyku@iafrica.com]
18/05 Renate Nel [Waverley, 012-332 4423, attie@ngwaverley.co.za]
19/05 Cecilia Rademeyer [Pietpotgietersrus, 015-491 2378, bradem@telkomsa.net]
Joke Nicol [Emeritus, 012-345 2927, wnicol@mweb.co.za]
Rita Albrecht [Hartbeesspruit-Queenswood, 012-333 8944, karel.albrecht@gmail.com]
23/05 Marlene du Toit [Villieria, 012-331 1241, derick@ngv.co.za]
Aneen Naudé [Rietfontein-Noord, 012-331 8449, francois@ngkrn.co.za]

# Gemeente nuus

---

## ❖ Mootvallei - Dit is weer Voëlskou tyd!!!



Kom verwonder jou aan die Vader se unieke skepping!

Die jaarlikse *Jongvoël asook die jaarlikse winterskou van die Pretoria Kouvoël klub* vind plaas op Vrydag en Saterdag die **15de en 16de Mei** by Mootvallei NG kerk se kerksaal (hoek van Morgan en Louis Trichardtstraat, regoor Mayville Laerskool in die Moot). **GPS 25°42'15.10"S & 28°10'58.28"E**

** Besoektye is beide dae van 11h00-14h00.
** Geen toegangsgelde word gevrae nie.
** **Kontakpersoon**: Jan Botha 012-5463545 of 0764815683

## ❖ Universiteitsoord: Vakature: Studenteleraar

** **Aansoeke** sluit Maandag **1 Junie 2015**
** **Navrae**: Kontak asb die kerkkantoor by 012 362 0663 of ds Fritz Snyman 082 332 5781 of stuur 'n e-pos na petra@universiteitsoord.co.za [Lees hier meer...]

## ❖ Tuinrand bied aan: ***Klaagliedere van Dominee Tienie Benade*** – Deur Frank Opperman op **20 Junie** *om 09h00*

* Kaartjies is slegs R100-00 per persoon (koffie/tee en 'n kolwyntjie ingesluit)

* Kontak asseblief vir Yana om u kaartjies te koop : 0764191234
* Adres: h/v Louise- en Diamantstrate, Pretoria-Tuine

❖ **Krokodilrivier hou Basaar!!** Krokodilrivier maak weer so **op 5 en 6 Junie 2015** met 'n verskil maar ook met hul ou staatmakers. Moenie hierdie jaar se basaar met sy kermis atmosfeer misloop nie want na meer as 100 jaar weet hulle net hoe dit gedoen moet word! Dis nie aldag dat jy op 'n feestelike wyse jou belangrike inkopies kan doen, lekker kuier, en ook nog met die lekkerste eetgoed bederf word nie. Nie eens te praat van heerlike braaivleis, nageregte en koeke nie. Soos van ouds kry jy al jou plaas produkte soos sappige vleis, liplekker wildswors en vars groente alles op een plek.
**Navrae:** Santie Uys [tel 012 252 6021]

## Gebedslys

Hiermee **'n vriendelik uitnodiging aan ons lesers**, om enige sake vir voorbidding aan ons deur te stuur – stuur dit direk aan hermien@noordsin.co.za.

### Voorbidding word gevra vir die volgende:

- *Leraars en lidmate* gedurende die week van Pinkster.
- *Johan Bosman* (Vaalwater) en gesin met die afsterwe van sy eggenote, Erna vroeer die week.
- *Adéle Visser* [Saakgelastigde van Hartbeesspruit-Queenswood] is tans in die Herfsmed Kliniek opgeneem as gevolg van swak gesondheid.
- *Andries Small* [Gemeentebestuurder van Louis Trichardt]: ervaar tans swak gesondheid. Hy is al 2 weke bedgebonde met baie bloeklonte in sy regterbeen.
- *Artikel 1 stemmingsproses* en die komende *buitengewone sinodesitting van Noordelike Sinode*.
- **Dankbaar: - John Vosloo** skryf: **"***Baie dankie vir die voorbidding. Ons waardeer dit opreg. Therese het heeltemal herstel en ons is die Here baie dankbaar. Groete"*

## Ander nuus

❖ **Bybelgenootskap van Suid-Afrika:** Riglyne van die program op **27 Mei 2015** in Polokwane

- **Tema**: **Bybelvertaling in hedendaagse Afrikaans - Bybel: 'n Direkte Vertaling**
- **Aanbieder**: Prof Bernard Combrinck, Projekleier van die Bybel: 'n Direkte Vertaling en emeritus professor (Nuwe Testament) van die Universiteit van Stellenbosch.
- **Plek**: NG Kerk Pietersburg-Oos, Jonesstraat 100, Polokwane. Die aanvangstyd is 8:30 vir 9:00.
- Ligte middagete word ingesluit.
- Kostes: Geen
- **RSVP**: 26 Mei 2015 by mev CA Theunissen by 015 295 8849 of Francois Sieberhagen 011 9704010
- NG leraars kwalifiseer vir **6 VBO punte**.

Die materiaal wat gelees kan/moet word voor die byeenkoms is beskikbaar op die webbladsy www.bybeldirektevertaling.co.za Sessies 1 – 3 is veral gemik op leraars, maar enige een is welkom om dit by te woon.

❖ **Winterskool - 2-4 Junie 2015** (Ekumeniese Konferensie)
**Aangebied deur Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch in samewerking met Ekklesia, Communitas en die Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie**
* **Plek**: Fakulteit Teologie, Dorpstraat 171, Stellenbosch
* **Hoofsprekers**: Proff. Barney Pityana, Amanda Gouws en dr. Coenie Burger
* **Registrasie**: Program en registrasievorm is beskikbaar by: www.communitas.co.za
* **Navrae**: Wilma le Roux (Communitas): Tel: 021-808 3624; E-pos: wler@sun.ac.za

❖ **Kreatiewe Fasiliteringswerkswinkel:**

**9-11 Junie 2015**

**Dit is veral gemik op predikante, skoolhoofde en ander fasiliteerders wat ...**
** vasgeloopte strukture, spanne en sisteme help visioneer,*
** gebruik word om konflik in sisteme op te los,*
** verandering help bestuur en*
** verskillende spiritualiteite in hulle prosesse moet akkomodeer.*

>> **In die werkswinkel word persone blootgestel aan** :
** die teorie en praktyk van fasilitering,*
** fasilitering van spesifieke konfliksituasies,*

* *fasilitering van vasgeloopte spanne (stuckness)*
* *prosesse om kommunikasievaardighede binne groot groepe op te skerp*
* *praktiese gereedskap (tools) om volwasse spanne kreatief te fasiliteer.*

>> Die werkswinkel word oor drie dae by Universiteitsoord in Pretoria aangebied en leraars wat dit bywoon ontvang ook **VBO Krediete**.

>> **Koste**: R1500.00 per persoon.

>> ***Kliek HIER om in te skryf***

>> **Navrae**: info@bronzebaobab.com. Besoek ons webwerf by http://bronzebaobab.com

❖ **NID (Nasionale Instituut vir Dowes)** : **Opleiding van Dowe pastore / predikante van alle Christelike kerke in Worcester, Suid-Afrika -** 1 jaar: Certificate IV in Biblical Ministry; 2 jaar: Diploma in Biblical Ministry; 3 jaar: Advanced Diploma in Biblical Ministry; 4 jaar: Volwaardige pastoor / predikant in jou kerk
*Alle opleiding is in Gebaretaal*
>> Vir meer inligting oor die opleiding: gaan na www.nid.org.za

---

❖ **Sentrum vir Kontekstuele Bediening** bied aan: **Advanced Youth Ministry** – 'n vyf week kursus. **Aanbieder**: Prof Malan Nel en andere. [Lees hier meer…]

## Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

❖ **Lys van leraars wat aangedui het dat hulle beskikbaar is** om **deeltyds of op 'n kort termyn** uit te help - Kliek hier

❖ **Vakatures op Kerkbode se webwerf:** Heelwat vakante poste oor die land heen is tans beskikbaar. Die amptelike bekendmaking van vakatures vir predikante is by *www.kerkbode.co.za.* Kliek by ***Amptelik – Vakatures***.

## Ten slotte

Ek plaas graag hierdie foto aangesien ons nou onlangs *Moedersdag* gevier het … [kliek hier]

# BYLAES

## Godsdienssaak: Skole dien hofstukke in

"Dit is 'n formidabele stuk werk (1 945 bladsye) maar tot dusver vir my een van dié grootste, dalk die grootste, leerervarings van my lewe". So reageer mnr Paul Colditz, uitvoerende hoof van die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole (FEDSAS), op die hofstukke wat gelewer is in die saak tussen OGOD (Organisasie vir Godsdienste-onderrig en Demokrasie) en ses skole. Die beheerliggame van die ses skole is lede van FEDSAS wat deel vorm van dié beheerliggame se regspan.

Onder die vaandel van die Grondwet en die Nasionale Godsdiensbeleid eis OGOD, wat 'n hofinterdik aangevra het, nie alleen die beëindiging van godsdienstige praktyke by skole nie (die bekende praktyke rondom saalopening soos Bybellees, bid en gewyde sang), maar ook die inperking van individuele geloofsoortuigings van leerders en opvoeders.

Hiermee het OGOD nie die grondwetlike eis dat die beste belang van kinders voorrang moet geniet in sake waar kinders se belange ter sake kom, in gedagte gehou nie. Dit is 'n gevestigde beginsel dat alle kinders geregtig is om hul mening te lug in aangeleenthede wat hulle belange raak, soos vereis deur artikel 12 van die VN se *Handves vir die Regte van die Kind* en artikel 10 van die Kinderwet, 2005. Bewerings van vergrype is meestal sonder substansie teen skole se koppe gegooi. Slegs in 'n enkele geval het 'n voormalige leerder van 'n skool mond uitgespoel oor haar afkeur aan godsdienstige praktyke

Die beeïndiging van godsdienstige praktyke by skole sal 'n steriele, onnatuurlike skoolsamelewing skep waar individue in hul spoor sal moet trap om nie spontaan aan godsdiensvryheid uiting te gee nie. Dit is die kern van hofstukke van ses skole wat in 'n aansoek genoem word waarin OGOD vra dat die Grondwethof dit ongrondwetlik verklaar dat sekere godsdienspraktyke voorkeur geniet bó ander.

"Die Organisasie se aansoek is 'n inherente skending van verskeie basiese menseregte soos vervat in die Handves van Regte. Godsdiensvryheid sluit natuurlik die reg in om aan geen godsdienstige praktyke deel te neem nie, maar dit mag nie geskied ten koste van ander se reg op godsdiensvryheid en die reg op vryheid van uitdrukking nie. Die Grondwet maak dit baie duidelik dat geen reg absoluut is nie," word dit in die hofstukke gestel.

Die hofstukke bevat onder meer die bevindinge van 'n omvattende studie deur 'n psigiatriese forensiese maatskaplike werker, dr. Tanya Robinson. Die navorsing is spesifiek aangevra om die stem van die kinders te hoor. Leerders het die geleentheid aangegryp, met verontwaardiging dat OGOD nie gepoog het om met die leerders self te praat voordat die aansoek geloods is nie. Leerders was erg getraumatiseer oor die implikasies indien die aansoek suksesvol gevoer sou word en godsdienstige praktyke afgeskaf word. Godsdienstige praktyke by skole vorm 'n baie belangrike ondersteuningsbasis vir leerders en die potensiaal van die verlies daarvan was vir hulle ontstellend.

Die skole se verweer is veelvlakkig. Die belangrikste verweer is dat dit nie in die beste belang van leerders sal wees om met godsdienstige praktyke weg te doen nie, terwyl 'n verskerpte poging aangewend sal word om toenemend akkommoderend op te tree teenoor leerders wat nie deel wil hê aan sodanige praktyke nie.

"In Suid-Afrika plaas die Grondwet sekere beperkings op die beoefening van godsdienstige praktyke by instellings wat finansieel deur die staat ondersteun word, soos openbare skole. Dit mag slegs geskied ooreenkomstig reëls wat vasgestel word deur 'n toepaslike owerheidsinstelling. In die geval van openbare skole is die beheerliggaam hierdie instelling. Bywoning van godsdienstige praktyke moet vry en vrywillig wees en al ses skole het sodanige maatreëls wat vrywillige bywoning moontlik maak," sê Colditz.

Die insigte wat bekom is uit die voorbereiding van die hofstukke word sal bykomend gebruik word om verskerpte pogings aan te wend om minderheidsgroepe te akkommodeer. In 'n land wat streef na eenheid in verskeidenheid moet daar versigtig omgegaan word met fundamentele regte. Godsdiensvryheid is verweef met ander fundamentele regte soos spraakvryheid, vryheid van assosiasie, gelykheid, en die reg op basiese onderwys. Dit staan enige leerder en opvoeder dus vry om te enige tyd en plek daardie regte uit te oefen, mits dit nie die waardigheid van andere aantas nie en dit op respekvolle wyse teenoor diegene wat anders dink of glo, gedoen word.

Die stukke kan afgelaai word by die volgende adres: **http://goo.gl/oBwoSt.**

**** Dit is 'n geweldig omvattende poging van 2000 bladsye, indien enige iemand nie kans sien om die hele stuk te lees nie moet ten minste die eerste 274 bladsye gelees word om 'n ter saaklike indruk te kry.**

Gustav Claassen

Terug

## Bybel-Meida Nuusbrief 8/2015

### Besondere Bybelkor-publikasies by Wes-Kaap Sinode bekendgestel!

**Gods-geheim ... Jaap du Rand**

*Die verhaal van wetenskap en mistieke geloof*

In die reis waarop Jaap Durand ons in hierdie boek neem, leer ons wat die vernaamste denkrigtings is waarmee daar oor die verband tussen godsdiens en wetenskap besin word.

Gelowiges besef al meer dat wetenskaplikes oor die afgelope sowat 150 jaar ontdekkings gemaak het wat die verbysterende kompleksiteit van die lewe en die heelal beklemtoon. Hierdie inligting is wyd bekend.

Terselfdertyd het gelowige denkers nuwe insigte verwerf oor geloof, baie daarvan in reaksie op die wetenskaplike ontdekkings. Nuwe denkraamwerke en die tydgees werk amper ongemerk deur na die manier waarop ons dink en glo. Hierdie onsigbare invloede moet in gedagte gehou word wanneer oor geloof en wetenskap nadink.

Die vraag is dus hoe nuwe insigte van ons tyd, en van die verlede, vanuit die bestaande kennis en die denkpatrone van daardie era verstaan kan word. In debatte oor hierdie onderwerp word daar soms standpunte gestel wat mense verwar. Die skrywer voorsien inligting en agtergrond wat lesers kan help om sulke debatte te volg en 'n eie mening daaroor te vorm.

Prys: **R140,00** (BTW en posgeld ingesluit). Bestel dié puik publikasie dadelik!

**Dáárom glo ek! ... Cas Vos**

*'n Uitnodiging tot 'n geloofsreis in 'n tyd van twyfel en verwarring.*

Cas Vos self verwoord die motivering vir sy nuutste boek soos volg: "Ek het weer na God se stem in sy Woord begin luister, begin bid. Stil en hardop. God is nie dood nie. Net op papier is Hy dood. Hy is vrygespreek. God het al die teoloë oorleef. Ek is dankbaar dat dit gebeur het. Liewe Here, welkom in ons midde!"

Dan vertel hy in *Dáárom glo ek!* vir ons van sy boeiende geloofsreis, stroomop van wat die heersende denke dikteer en waarvan selfs gelowiges gemaklik en onnadenkend die prooi word.

Deur sy geloofsreis met sy lesers te deel, motiveer hy almal wat vandag voel hulle geloof word bedreig: Dink na oor jou geloofsreis tot hier, en waag dit dan om vas te staan in die vryheid waarmee Christus jou vrygemaak het.

Wat die skrywer die graagste wil hê, is dat sy lesers in sy ervaring moet deel. Daarom waag hy dit onverskrokke om "'n klein geloofsbelydenis" te skryf as reisgids vir gelowiges op hulle pad.

"Daarom glo ek", klink soos ŉ refrein deur die hele boek. Dit bevestig dat hierdie hele boek ŉ deurleefde getuienis is, en daarom allermins ŉ leerstellige betoog. Die leser sal onmiddellik aanvoel dat agter hierdie woorde emosies en persoonlike ervarings skuilgaan, tekens van goddelike nabyheid, van pyn en van bevryding.

Bowenal dring hierdie boek lesers tot meditasie en selfondersoek om eerlik na hulle eie lewensreis en geloofsreis te kyk en dit te verstaan in die lig van die Ewige, wat in Jesus Christus met ons is, altyd, totdat sy ryk voltooi word.

Prys: **R190,00** (BTW en posgeld ingesluit). Reeds beskikbaar – bestel dadelik!

## Bybel-Media-Cordis Trust-prys!

***Wenner:*** **Wenplan vir jou kind se lewe vir koelkop ouers … Jannie Putter**

Dié prys word toegeken aan die beste oorspronklike Afrikaanse Christelkie gesins-, jeug- of kinderlektuur. Vanjaar is 17 publikasie vir die kategorie deur 11 uitgewers ingeskryf.
Jannie Putter kyk in *Wenplan vir jou kind se lewe …* in 13 hoofstukke na waardevolle temas soos "Wie is jy?", "Hoe bou ek my kind se selfbeeld?", en "Hoe tug ek my kind?" Hy gebruik grafiese voorstellings om sy teorie uit te lig en praat ook spesifiek met enkelouers oor die struikelblokke wat hulle moet hanteer.

Jannie wys ouers dat die sleutel daarin lê om die regte besluite in die hitte van die oomblik te neem. Daar is altyd twee opsies: die regte besluit wat dalk moeilik is of die verkeerde besluit wat dalk op daardie oomblik gemaklik en selfs prettig lyk, maar lei tot spyt.

Sedert 2014 borg Cordis Trust die prysgeld vir dié toekenning. Bybel-Media is bevoorreg en baie dankbaar dat dr SJ Marais (voorsitter Cordis Trust) publikasies in die bogenoemde kategorie ondersteun.

Dié prysgeld en oorkonde is op 28 April aan Jannie Putter oorhanding tydens 'n spesiale geleentheid op Wellington.

Prys: **R120,00** (BTW en posgeld ingesluit). Waardevolle publikasie vir elke ouer.

## Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za

Of koop direk met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.co.za

Terug

# Vakature: Studenteleraar Universiteitsoord

**Gemeenteprofiel -** Universiteitsoord is geroep om vir studente van oor die hele land, wat aan die Universiteit van Pretoria studeer, 'n geestelike tuiste te wees. Ons droom is om vir studente 'n ruimte te skep waar hulle kan voel hulle behoort en terselfdertyd 'n platform te wees vanwaar hulle kan beweeg om 'n verskil in die wêreld te maak.

**Leraarprofiel** - Ons ideale kandidaat is 'n gelegitimeerde van die NG Kerk wat hom/haar vereenselwig met en kan uitleef in ´n gereformeerde spiritualiteit. Hy/sy het gevorderde toepaslike teologiese kennis asook kennis van studentekultuur en -psige en sal daarom effektief met studente kan kommunikeer en verhoudings kan bou en onderhou. Ons is op soek na 'n gebalanseerde en geïntegreerde persoon met kreatiewe en vernuwende denke (met respek vir tradisies). Die ideale kandidaat het 'n positiewe ego-sterkte en goeie oordeelsvermoë. Goed-ontwikkelde sosiale vermoë, interpersoonlike vaardighede, effektiewe prediking vir die teikengroep en die vermoë om effektief in spanverband te kan funksioneer, is vir ons belangrik.

**Posprofiel** - Daar sal van die leraar verwag word om verantwoordelikheid te aanvaar vir alle fasette van gemeentewerk soos vervat in Artikel 9 van die Kerkorde. Hierdie pos se fokus is egter studentebediening en dus sal daar van hom/haar verwag word om ook die volgende funksies te verrig:

- Effektiewe uitbou van die studentebediening in die gemeente
- Pastorale versorging van studente-lidmate
- Toerusting van studenteleiers met die oog op lewensvaardighede en dissipelskap.
- Reël en hantering van studente-kampe en uitreike
- Bou van verhoudings met die ouers van studente
- Bywoon van studente-aktiwiteite soos serrie-, jool-, sport- en kultuurgeleenthede ten einde verhoudings met studente op 'n informele vlak te bou en te versterk
- Deurlopende verhoudingsbou met universiteitstrukture.

**Vergoeding** - Sinodale skaal sal as riglyn vir vergoeding dien. Vir behuising het die gemeente 'n pastorie beskikbaar.

Universiteitsoord sien met verwagting uit na aansoeke van lewenslustige en entoesiastiese kandidate wat met studente kan identifiseer en betrokke wil wees by hulle aktiwiteite. As jy dus voel jy het 'n passie vir studente nooi ons jou uit om aansoek te doen vir hierdie pos.

**Aansoeke** sluit Maandag 1 Junie 2015

Die Kerkraad behou die reg om nie 'n aanstelling te maak nie.

Vir navrae: Kontak asb die kerkkantoor by 012 362 0663 of ds Fritz Snyman 082 332 5781 of stuur 'n e-pos na petra@universiteitsoord.co.za.

Terug

## ADVANCED YOUTH MINISTRY
## A course offered by the Centre for Contextual

The Advanced Course in Youth Ministry will help you to have real fun in your Youth Ministry. The five-week course covers: 1) Theological departure points, 2) The important family issues in working with youth, 3) Principles and practices in working with children, 4) Educating and discipline youth, 5) Guidelines and practices in working with adolescents, 6) Ministry with young adults and mentoring leaders in youth ministry.

*NB - This course is run in cooperation with the United Methodist Church in South Africa, which offers a complimentary course called G4. For more details on G4, contact Wendy Walker at Wendy@westview.org.za.*

**MODULE ONE** 15 to 19 June **-** Theological Departure Points
**MODULE TWO** 29 June to 02 July - Family Ministry
**MODULE THREE** 28 September to 01 October - Children's Ministry
**MODULE FOUR** 12 to 16 October - Christian Education in Ministry
**MODULE FIVE** 16 to 19 November - Youth Culture and Adolescence
Location | West View Methodist Church, Pretoria
Lecturer | Malan Nel and Several Others
Phone | 012 420 4952
Email | Palesa.Medupe@up.ac.za

Terug

## Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

- ***Leon Forsman*** is beskikbaar vir afloswerk, preekbeurte ens. Hy is bereid om te reis. Hy is beroepbaar. Kontak hom by 0817060404 of e-posadres leon.forsman1@gmail.com
- ***Hennie Horn*** beskikbaar vir enige afloswerk en preekbeurte in en om Pretoria. Sel 0827439238; landlyn 012 5485796; e-pos henniehorn@telkomsa.net.
- ***Frans Du Plessis***, *Uitvoerende Sekretaris vir Kommunikasie by KAMCARE*, is beskikbaar vir preekbeurte. Kontak hom by 012-756 4207, 084 870 5003, frans@kamcare.org.
- ***Jan Viljoen*** is beskikbaar vir preekbeurte/aflos. Kontak hom by 081 241 0676 / 012 310 9114/ dsJanViljoen@gmail.com
- ***Stanley JJ Strydom*** is beskikbaar vir aflos preekbeurte en kan reis. Kontak hom by 083 299 1090, stanley.strydom@gmail.com
- ***Ernst Muller*** in samewerking met die Taakspan Diensgetuienis is beskikbaar vir bemoedigende uitreikgerigte boodskappe. Kontak hom by 012-527-0015 / 082-656-1107, erdvark@xsinet.co.za

- Emeritus ***Bertus van der Westhuyzen*** is beskikbaar vir afloswerk landswyd, sowel as in Namibië. Kontak hom by b@telkomsa.net of 082 788 4466
- ***Corrie Greeff (beroepbaar)*** is beskikbaar vir *afloswerk en preekbeurte*. Kontaknommer: 0829285586. E-pos: cwgreeff@absamail.co.za
- ***Anton Binneman*** is beskikbaar vir aflos preekbeurte. Kontak hom by sel 083 236 3590, of drbinneman@gmail.com
- ***Danie van Niekerk*** - Woonagtig in Centurion en is ook beskikbaar vir preekbeurte. Kontak besonderhede: epos: vanniekerkmail@gmail.com en selfoon: 082 045 6881
- ***Dr Jannie Botha*** - Pretoria en omgewing. Kontak hom by telefoon: 083 303 9767 of 012 344 3768 of jjbotha@mweb.co.za
- ***Dr Louis van Deventer*** is beskikbaar om af te los in 'n gemeente. *Kontakbesonderhede:* e-pos louisvand@absamail.co.za Landlyn: 012 567 6566. Selfoon: 082 567 0945
- ***Francois Schwalb*** het sy Teologiese opleiding by Stellenbosch Universiteit voltooi. Hy werk tans by ZZ2 in Limpopo (Mooketsi - naby Tzaneen) as bemarker. Hy is beskikbaar om af te los of preekbeurte waar te neem by gemeentes in die omliggende area. Kontak hom by francois@zz2online.com of 083 257 8405 / 015-395 8207.

**Teologiese studente en proponente:**
* Neem asseblief kennis dat die "rubriek" ontstaan het nadat ons navraag ontvang het vanaf gemeentes wat leraars se hulp op 'n kort termyn nodig het, asook *leraars* wat beskikbaar is om deeltyds of op 'n kort termyn te help.
* Die Fakulteit (Univ van Pretoria) stel, net na die legitimasie gedurende November, wel die name en kontakbesonderhede van die proponente beskikbaar. Dit word dan in die Kerkbode opgeneem en wyd versprei.

Terug

## Ten slotte

Terug

